

HOOFSTUK 17

Die verbond

1. Inleiding

- 1.1 'n Verbond is 'n verbintenis wat God met die mens aangaan. Die Here het Homself in 'n verbondsverhouding tot die mens gestel – Hosea 6:7a.
- 1.2 Die ontstaan van alle verbonde rus op God se soewereine beskikking. Die verbond is dus eensydig in sy bestaan. Maar die verbond is tweesydig in sy voortbestaan. Dit berus dus vir sy voortbestaan ook op die deelgenootskap van die mens.
- 1.3 'n Verbond is 'n kontrak, maar 'n baie spesifieke soort kontrak. Dis 'n kontrak wat deur God alleen opgestel word en waarvan ons spontaan die tweede party uitmaak.
- 1.4 Alle verbonde het 'n eis en 'n belofte. Die eis van alle verbonde is totale gehoorsaamheid aan God, die Almagtige. Die belofte is die ewige lewe.
- 1.5 Die natuurverbond is 'n verbond wat God met Noag opgerig het. Die belofte was dat God nooit weer die aarde met 'n vloed sou verwoes nie en dat die seisoene van toe af mekaar sou afwissel. Die eis was gehoorsaamheid.
- 1.6 In Genesis 2:17b maak die Here 'n wraakverbond bekend.
- 1.7 Aspekte van die verbond
 - Dit is nie 'n kontrak tussen twee partye wat voor die reg gelyk is nie – dit is tussen die soewereine God en die sondige mens.
 - Die inisiatief kom van God, nie van die mens nie.
 - Hy stel bepaalde beloftes aan die mens met betrekking tot sy genade en heil, en verlang van die mens slegs gehoorsaamheid.
 - Hoewel hierdie eis nie altyd pertinent gestel word nie, word dit geïmpliseer deurdat die mense met wie Hy die verbond aangaan as *sy volk* beskryf word, behalwe by die werkverbond met Adam, toe geen ander mense as Adam en Eva en hulle nageslag ter sprake was nie, en die Noagiese verbond, wat met alle mense aangegaan is.

Van die belangrikste verbondsuitsprake vind ons in:

- Genesis 1:28 – Dit is die werkverbond, sy kultuuropdrag, waar Hy die mens aangestel het om oor sy skepping te heers.
 - Die mens moes aan God gehoorsaam wees en daarom volg daar 'n gehoorsaamheidstoets, naamlik die proefgebod.
 - Indien die mens getrou was, sou hy die ewige lewe behou het en deurgaans God se seën geken het.
 - Sy oortreding bring straf, naamlik die dood en 'n verbroke verhouding met God.
 - Die werkverbond verval dus, en deur goeie werke alleen sou geen mens daarna die saligheid kon verdien nie.
 - Voortaan sou die mens nie vanself tot enige goeie werk in staat wees nie, behalwe deur die genade van die Here.

Binne die groter perspektief van die Skrif, was die bedoeling dat die mens, in die uitvoering van hierdie opdrag:

- die vestiging van God se koninkryk op aarde sou bevorder; en
- daarin die seën van die Here sou geniet.

Deur die Skrif heen sien ons hoe God voortgaan met die uitbouing van sy koninkryk ten spyte van die ongehoorsaamheid en moedswilligheid van die mens, aangestig deur Satan, wat die vestiging van dié koninkryk wou verhinder.

- Genesis 6:18: Die genadeverbond met Noag, waar die term *verbond* die eerste keer gebruik word, wat tot alle mense gerig is.
- Genesis 12:1-3; Genesis 15:1-18; Genesis 17 ens: Omvattende verbondsbelofte wat tot God se uitverkorenes gerig is.
 - Let op dat God se keuse, of verkiesing, van die volk nie van hulle voortrefflikheid in enige opsig afhang nie.
 - Dit is enkel uit sy vrywillige raadsbesluit, soos al sy verkiesingsbesluite. In wese is alle verbondsuitsprake 'n bevestiging van die genadeverbond, wat die onderliggende verbondsbegin is.
 - God onderneem om in sy onderhouding van die skepping, en veral die mensdom, sy genade te handhaaf.
 - Vanaf Abraham word dit pertinent op gelowiges gerig, en op hulle nageslag, met die implikasie wat later pertinent gestel word, dat mense uit ander volke ook by die verbond ingesluit kan/sal word.
- Levitikus 26: Dit bied 'n reeks eise wat aan die volk gestel word waaraan hulle as verbondsvolk gehoorsaam moet wees.
 - Vergelyk ook Eksodus 6:7, Deuteronomium 4:31, 1 Konings 8:23 ens.
 - Eksodus 20 – die Wet, wat 'n herbevestiging is van die verbond, met spesifieke riglyne vir 'n gehoorsaamheidslewe wat God behaag en waardeur Hy gedien kon word. Soms word dit genoem die Mosaïese verbond, of die Sinaitiese verbond.
 - Jesaja 42:1-7 e.v., 55:3 e.v., 59:20-21; Jeremia 31:31 e.v., 32:40, 50:5; Esegïel 20:37, 34:25,36, veral 24-38, 37:26, ens.
 - God se nuwe verbond word in die Ou Testament aangekondig.
 - Dit is 'n herbevestiging van die genadeverbond maar 'n formulering wat direk heenwys na die genadewerking deur die koms van Christus.
 - Let op hoe die formulering van die verbond telkens uitgebrei en aangevul is, terwyl die wese daarvan die genade is.

Telkens as dit voorkom of die mens die spoor byster geraak het, het God sy genadeverbond laat herbevestig deur 'n leier wat die volk tot orde roep.

- Toe die volk byna reddeloos verval het, was dit nodig om sy Seun self te stuur om, as die vleesgeworde Seun van God, die genadeverbond in sy sterkste moontlike formulering te herhaal.
 - Ons vind dit veral in die Evangelie van Johannes in verband met die innigheid van die verhouding tussen die Vader, die Seun en die gelowige kind van God, en die voortgesette versorging van die gelowiges deur die Heilige Gees.
 - Hy bied sy genade en seën, en vergifnis van sondes, ten spyte van hulle inherente sondigheid op grond van Christus se soendood aan die kruis.
 - Deur hul geloof in Christus, en uit God se soewereine genade alleen, word hulle die ewige lewe deelagtig en kan hulle 'n herstelde verhouding met die Here belewe.
- Die apostels het die verkondiging van die genadeverbond voortgesit, en na hulle is dit deur die kerk onderneem.

Die twee sakramente wat Christus ingestel het, naamlik die doop en die Nagmaal, is albei gerig op

die bevestiging van die genadeverbond om gelowiges te bemoedig en te versterk op die heilsweg.

- Hoewel die verbond van die Ou Testament en die verbond in die Nuwe Testament in wese op dieselfde grondslag staan, naamlik die genade van God oor sy mense, is die toepassing van die verbond in die Nuwe Testament baie dieper en breër as in die Ou Testament.
 - Christus se soenoffer en sy Hoëpriesterskap verruim en verdiep die hele verhouding tussen God en die gelowiges.
 - Vergelyk in dié verband slegs enkele verwysings: Galasiërs 3:23-29, 4:1-7; Hebreërs 7:20-22, 8:8-13, 9:15,10, veral vers 9-18, maar ook vers 28-31, 13:20-21, ens.

Lees die formuliere vir die doop en die Nagmaal in die Psalmboek en let op die beklemtoning van die verbondsgedagte. Meer daaroor later.

2. Die werkverbond

- 2.1 God het die werkverbond opgerig met Adam as die hoof van die menslike geslag.
- 2.2 Dit word die werkverbond genoem omdat die mens langs die weg van sy werke die ewige lewe kon verkry.
- 2.3 Die eis van die verbond was gehoorsaamheid aan die proefgebod – Genesis 2:17.
- 2.4 Die belofte van die werkverbond was die ewige lewe.
- 2.5 Adam het die werkverbond deur sy oortreding van die proefgebod geskaad, inderdaad verbreek, want die belofte van die werkverbond het daarmee verstryk. Gevolglik het die weg tot saligheid deur die werkverbond tot niet gegaan. Geen mens kan nou deur sy werke die saligheid verdien nie.
- 2.6 Met die verbreking van die werkverbond het God se straf, naamlik die dood, ingetree. Adam se skuld word nou aan sy nakomelinge toegereken – 1 Korintiërs 15:21, 22.
- 2.7 Die eis van die werkverbond, naamlik gehoorsaamheid, het egter nie verval nie. Daar is geen geregtigheid as daar nie ook voldoening is ten opsigte van die oortreding nie.

3. Die genadeverbond

- 3.1 God handhaaf die eis van die werkverbond, naamlik gehoorsaamheid. Hy rig egter weer 'n verbond op met die tweede Adam, naamlik Jesus Christus.
- 3.2 In hierdie verbond bewys God genade op voorwaarde dat daar volmaakte gehoorsaamheid moet wees, met ander woorde dit wat die eerste Adam nie kon doen nie, kon deur die tweede Adam gedoen word.
- 3.3 Jesus het toe hierdie verbond laat slaag omdat hy die eis van gehoorsaamheid volbring het en sodoende die geregtigheid verwerf het.
- 3.4 In 'n sekere sin was die genadeverbond ook 'n werkverbond: Jesus moes volmaak gehoorsaam wees. Ons enigste aandeel is dat ons die genade ontvang wat Jesus verwerf het.
- 3.5 God het die genadeverbond met Jesus opgerig as die Hoof van die nuwe mensheid, en in Hom met al die gelowiges – ook met ons!
- 3.6 Die genadeverbond het twee bedelings:
 - Die Ou-Testamentiese bedeling, of verbond met Israel deur Abraham – Genesis 17:2.
 - Die Nuwe-Testamentiese bedeling, of bedeling van vervulling. Dit het met die koms van Jesus begin – Hebreërs 9:15.
- 3.7 Die belofte van die genadeverbond is die ewige lewe – Hebreërs 8:10. Die ewige lewe word verkry deurdat God die verdienste van Christus aan die gelowiges sal toereken.
- 3.8 Die eis van die genadeverbond is geloof in Jesus Christus.

3.9 Die teken van die genadeverbond:

- In die Ou Testament: die besnydenis
- In die Nuwe Testament: die doop

Tabel van die verbonde

Verbond	Met wie	Eis	Belofte	Teken
Werkverbond	Adam	Gehoorzaamheid aan die proefgebod	Die ewige lewe	Geen
Natuurverbond	Noag	Gehoorzaamheid	Die skepping sal nie weer met water verwoes word nie Die seisoene Die mens se ouderdom word beperk tot 120 jaar – Genesis 6:3	Reënboog
Ou Testament Genadeverbond	Abraham	Gehoorzaamheid	Die beloofde land Baie nasies sal uit hom gebore word – Genesis 17	Besnydenis
Nuwe Testament Genadeverbond	Jesus	Gehoorzaamheid – Jesus Geloof in Jesus Christus – ons	Die ewige lewe	Doop